KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 51 Nr 04 8 Februarie 2026

# Verloste strydende sondaars

Die vraag is hier of gelowiges wel nog '*sondaars*' genoem kan word. Kinders van God sondig tog nie meer nie! (1Joh3) Wie verlos is het immers oorgegaan van die koninkryk van die bose na die koninkryk van God. Ons behoort aan Christus wat ons van die sonde verlos het. Hoe kan ons dan praat van onsself as 'sondaars' en as mense 'wat die dood/hel verdien'? Dit klink alte veel na 'n kontradiksie in homself. Sommige mense wil glad nie so van hulself praat nie. Dit sou te negatief wees. Dus gaan hulle eerder daartoe oor om die goeie eienskappe van die gelowiges te beklemtoon. Dit laat mens darem bietjie beter voel.

Paulus sê egter in 1 Tim 1:15: "*Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste.*" As Paulus homself dus 'n sondaar noem, behoort ons dit seker ook te doen. Hy noem homself selfs die grootste sondaar! Hy verwys hierna sy verlede dat hy die kerk van Christus vervolg het (vgl 1Kor15). Hy dra selfs nog smarte van sy verlede, alhoewel hy weet dat God volkome vergewe het. Kyk mooi hoe Paulus nie sê "ek *was* die grootste" nie, maar hy sê "*ek is*"!

Om jouself 'n sondaar te noem is geen ontkenning van wat Jesus vir jou gedoen het nie. Om te sê dat jy 'die hel verdien' is die waarheid, alhoewel jy weet dat dit ter wille van Chtistus nie sal gebeur nie.

Ons is sondaars want ons doen sonde. Verloste, weergebore geredde kinders van God doen elke dag nog steeds sonde, maar hulle glo en ken die evangelie dat God hierdie sonde, om Jesus wil, nie gaan toereken en ons gaan veroordeel en ewig straf nie! Dis die goeie nuus. Die stryd teen die sonde duur dus voort. Kinders van God doen nie meer sonde nie, sou dus eerder wil sê hulle doen (hopelik) 'minder' sonde. Hulle voer die stryd/geveg teen die sonde. Hulle hou nie aan met sondig nie. Hulle hou nie aan nie... hulle hou eerder daarmee op! En as jy dus nou minder vloek as laasjaar, is dit wonderlik, maar nou moet jy ook begin seën en goed doen, ja selfs aan jou vyande. Dan is jy 'n sondaar, maar 'n *strydende* en *oorwinnende* sondaar wat daagliks leef in bekering en berou en in gebed om genade en vergifnis.

Om daagliks te onthou dat ek die ewige straf oor my sonde verdien, laat my ook daagliks met dank besef dat ek deur Christus nie verlore gaan nie. En vir ewig, ja ook in die hemel, sal ons onthou dat ons die ewige dood verdien, maar NIE daaraan uitgelewer sal word nie. Dit sal die grond/rede wees vir ons lof aan God, nou en in die ewigheid.

"Aan Hom behoort die heerlikheid, tot in alle ewigheid. Amen" Ds. M. van Helden

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Les 2, Ps 118-1:7 **Volgende week**: Les 3, Ps 118-1:7

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 08-Feb | C05 | Zirk Pretorius | Thys Reynecke | De Wet Burger | Ronell Hoogenboezem | Johan Hoogenboezem | Eric Guldemond |
| 15-Feb | C06 | Fred Reynecke | Fred Reynecke | Dirk Kotze | Louise van Niekerk | Nicolai vd Merwe | Adrian VNiekerk |

## KOLLEKTES

Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens )

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Dankbaarheidsfonds** (by die deure)

Volgende week: **Sustentasiefonds**

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## *Belydende lidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 08-Feb | Dorothy | Kruger | C03 | 0766093297 |
| | Chris | Roos | A15 | 0726605660 |
| 09-Feb | Zané | Cloete | A08 | 0736554169 |
| | Anton | Lubbe | A09 | 0662402870 |
| | Louise | Roets | C11 | 0833805383 |
| | Louise | v Rensburg | C08 | 0729737238 |
| 10-Feb | Mercia | Coelho | A04 | 0823247907 |
| | Drikus | vd Walt | A08 | 0605692608 |
| 11-Feb | Wikus | Pretorius | B14 | 0646055675 |
| 12-Feb | Marius | de Beer | B03 | 0845479575 |
| | Drikus | Klopper | B11 | 0728716977 |
| 13-Feb | Elsa | Opperman | C01 | 0832686241 |
| | Elsabé | vd Merwe | A14 | 0848197181 |
| | Ryno | vd Merwe | E01 | 0828507861 |
| 14-Feb | Elna | de Bruin | A02 | 0836642050 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 08-Feb | Cara | Erasmus | B09 | 0833566579 |
| 13-Feb | Carla | van Brakel | E01 | 0827876497 |

**Regstelling die Kerkkamp is in September van die 4de tot die 6de. Nie soos op Kalender aangedui 4-6 Oktober nie.**

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Wilna Algera gaan komende week 'n knievervangingsoperasie ondergaan te ZAH (B6 – 072 134 0327).
- Santie van Rooy (B7) ondergaan Maandag 'n heupvervanging in Groenkloof hospitaal.
- Cas Swanepoel se penne in sy been word Maandag verwyder.
- Erhard Dorfling was vir toetse aan sy kolon in die hospitaal, hy kry behandeling.
- Piet en Lydia van Rooyen het weer kankertoetse gedoen en chemo gekry.
- Nannie du Plessis in Unitas – baie swak.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Sola Chorda – Kitaarbybelstudiegroep

Indien jy kitaarspeel en belangstel om aan te sluit by Sola Chorda (GKC se Kitaarbybelstudiegroep) kan jy gerus by die WhatsApp-groep aansluit vir meer inligting. **Kyk uit vir die QR kode op die bord.**

Ons gaan liedere aanleer, ontleed en bespreek - 'n ander wyse van Bybelstudie, waar ons liedere aan die Skrif toets, terwyl ons as groep saam musiekmaak en so ons gawes ontwikkel.


Almal is welkom - jonk en oud. Gesout of geroes.




**Almanak 2026**

**Beskikbaar by die kerkkantoor @ R135**

**Bring asb. die bewys van betaling/die korrekte kleingeld**



**Gereformeerde Kerk**
**Pta-Magalieskruin**
**nooi jou uit na ...**

## Sustersaamtrek 2026

*Leef bedagsaam voor God*

Saterdag, 7 Maart 2026 om 8:30
Joycelaan 150, Magalieskruin

**R220 PER PERSOON**

RSVP by Riekie Prinsloo
082 586 9167
magaliessusters@gmail.com

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**8 Feb**
Magda Pelser A5 Oudl Drikus vd Walt
Liesje Kuperus A6 Oudl Gert Boshoff

**15 Feb**
Elize Pretorius A7 Oudl Louis Trichardt
A18 Oudl Andre Pretorius



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het.**
**Dankie.**

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Klavierlesse -** Ek bied privaat klavierlesse vir tuisskoolleerders in die oggende in GK Centurion se kerkgebou aan. Kontak Lize Johl (0810130185) vir meer inligting.

**Gesoek: Administratiewe- / debiteure- / krediteurepos**. Betroubaar, professioneel en vriendelike dame. Sterk kliëntediensvaardighede, ervare CRM, kommunikasie en organisasie. Toegewyd aan diens met integriteit en sorg. Bieuwkje Gouws 082 851 3931.

**Versorger:** Ek is beskikbaar om te help met neem van bloeddruk, versorging van vinger en toonnaels, tuissorg, vervoer na winkels, dr., tandarts, oogarts ens. Skakel Annamarie Kruger v Wyk sel no. 072 408 1354






## Musiekvoorspel inligting

Psalm 106 Oggend

Psalm 106 is 'n gemeenskaplike belydenis van sonde en gebed vir verlossing, waarskynlik geskryf in die vroeë post-eksiliese tydperk om bekering aan te moedig. As 'n historiese psalm kontrasteer dit met Psalm 105 deur te fokus op Israel se herhaalde ongehoorsaamheid en mislukking, eerder as net hul oorwinnings. Dit vertel van God se genade ten spyte van hul rebellie.

Psalm 6 Aand

Psalm 6, geskryf deur Dawid, is die eerste van sewe "boete-psalms" (belydenis/berouwering) en 'n uitroep om genade tydens uiterste fisiese en geestelike nood. Dit weerspieël 'n tyd van diepe angs, waarskynlik gekoppel aan siekte of die rebellie van sy seun Absalom, waar Dawid oorweldig gevoel het deur beide liggaamlike lyding en sy vyande.

# Bybelskool 2026 – Gaan maak Dissipels!!

## Inleiding tot Skrifgefundeerde Evangelisering

**Matt 28:19 Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees,**

- Onthou jy nog die Groot Opdrag?
- Het jy 'n hart vir verlore mense?
-

**Dan is hierdie Bybelskool vir jou!**

**Dinsdae 10 Februarie**

**Ds. Jonker Venter**

**Tema: Kinder-Evangelisasie**

19:00 tot 20:30 by GK Centurion

R200 per persoon

Betaalbaar in die Kerk se rekening met jou naam en "**Bybelskool**" as verwysing - **Studente en kinders halfprys**

*Verskeie aanbieders waaronder Prof Henk Stoker, Dr Brian DeVries, Ds Jonker Venter, Ander Evangeliste gaan ons toespreek tydens die Bybelskool*

**Kontak:Hein Venter – 083 357 6141 / Christi Venter – 082 940 1555**

**Ds Maarten van Helden – 072 143 1855**



# Liturgiese Riglyne

## **S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Jou lewe gevorm na die wil van God in en deur Christus

**Skriflesing**:

Kolossense 1
(1983)

**Teksvers:**
Kol 1:10 (9-20)

**Sing:**
Ld 169:1,2,3
Sb 9-3:1,2
Ps 42-1:1,5
Ps 145-1:1,2,3,12
Ld 184:1,2,3,4
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Paulus bid vir hierdie kerkie uit die heidendom dat hulle mag groei in die geloof. Dit beteken dat hulle sal toeneem in gehoorsaamheid aan sy woord en vrugdra wat by die geloof en bekering pas.

Paulus begrond sy aansporing of vermaning in die beskrywing van die grootheid of gróótsheid van Jesus Christus, hul ewige Verlosser.

Wat is jou prentjie of idee van Christus se heerlikheid, mag en matesteit? Dit is nogal bepalend vir die erns waarmee jy jou lewe vorm na die wil van God.

## **S O N D A G A A N D 18:00**

## Deur stryd tot oorwinning

**Skriflesing**:
Lukas 9
(1983)

**Teksvers**:
Luk. 9:29,30

**Sing:**
Ps 23:1,2
Ps 42:4,5
Ps 95:1,4
Ps 73:1,10
Sb 13-3

Prediker: Ds Maarten van Helden

Die bogenoemde preektema is eintlik bekende woorde, maar die impak daarvan word maklik deur ons ontken. Laasweek kon ons leer dat God ons uit liefde as sy kinders aangeneem het. Hierdie nuwe identiteit in Christus maak ons egter nie bo swaarkry verhewe nie.

Volgens die vorige paragraaf (9:23,24) moet ons juis agter Jesus aangaan... Daarom moet ons verstaan hoe die vurk in die hef steek. Ons moet begryp dat ons Koning se heerlikheid anders kom as wat deur die wêreld en sy filosofieë bedink of verwag word.

Laat ons onsself deeglik oriënteer tov die pad van stryd wat vir die gelowige in hierdie laaste dae inwag. Hy wat ons vooruit gegaan het, sal ook by ons wees.